

STORIES VAN MEERMINNE

Ons moes lank wag, maar hier is Hanna Hoekom weer

Deur ELNA VAN DER MERWE

DIE Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom het met sy verskyning destyds jonges (en oues) aan die lees gesit, die Sanlamprys vir jeuglektuur in 2002 losgeslaan, die Ibbly-erol vir Skryfwerk in Afrikaans in 2004 gehaal en 'n suksesvolle filmweergawe is in 2010 uitgereik.

Desondanks het Marita van der Vyver 12 jaar gewag voor sy die opvolg, *Swemlesse vir 'n Meermin*, geskryf het.

“Jy kan maar sê ek het al die jare gewag dat Hanna en haar gesin in my verbeelding vervaag, maar hulle het geweier om weg te gaan,” vertel Marita.

“Toe raak ek seker maar moeg van lesers wat wil weet wat van Hanna-hulle geword het – veral nadat die rolprent haar aan 'n nuwe geslag voorgestel het.

“Toe vra ek myself af: ‘Wat het van Hanna-hulle geword?’ En toe kom hierdie storie.”

Dit lyk soos briewe wat Hanna skryf vir haar sussie, Ariel, wat gebore is toe 'n storm hulle gesin in die berg vasgekeer het. Maar nee, sê Marita: “Dis nie briewe nie! Dis 'n oorlewingsgids, met 'n alfabetiese indeks agter, soos enige gids, maar dis 'n gids wat 'n ousus vir 'n kleinsus skryf om te lees wanneer sy die dag 13 word.”

Van die hoofstukname is *Alles Word Beter met Oefening*, *As Jy Nie Soos Jou Ouers Wil Wees Nie*, *Jou Gesin Se Weird Gedrag aan Tafel en Oor Verskillende Soorte Soene*.

WEN 'N BOEK

Drie lesers kan elk 'n eksemplaar wen van *Swemlesse vir 'n Meermin* (Tafelberg, R122*). SMS jou antwoord, naam en adres voor 6 Augustus om 17:00 na 34922**.

Vraag: Wat is die skrywer se voornaam?

“Jy sien,” sê Marita, “ek kon nie oor Hanna in 2015 skryf nie, want sy sal al amper 'n tannie wees. Amper 30 jaar oud!

“Maar die klein sussie wat daar op die berg gebore is, vier in die middel van 2015 haar 13de verjaardag. Die gids was dus die ideale manier om Hanna se storie en dié van die klein sussie met die meerminnaam te laat oorvleuel.

Hanna se vriendin Sharon sê sy trek aan soos ouens wat *skateboard* ry. Die rede? “Ek wil nie uniek wees nie. Ek wil asseblief net nie onnodig aandag trek nie.”

'n Mens wonder of Hanna teen haar flambojante ma rebelleer? “Watter tienerjarige meisie rebelleer nie teen haar ma nie? Ek onthou my eie tienerjare baie goed. En vir my sondes is ek nou self die ma van 'n tienermeisiekind.”

In wie se smaak sal die boek val? “Almal van 11 tot 91 hopelik!” sê Marita.

10 BOEKE

Om Afrikaans se 90ste verjaardag te vier, vra ons skrywers om die 10 Afrikaanse boeke te noem wat hulle nooit sal vergeet nie. Hier is Marita se lysie:

- Stories van Rivierplaas** – Alba Bouwer
- Dogter van Jefta** – Antjie Krog
- Die Ysterkoei Moet Sweet** – Breyten Breytenbach
- Sewe Dae by Die Silbersteins** – Etienne Leroux
- Kennis van die Aand** – André P. Brink
- Die Swerfjare van Poppie Nongena** – Elsa Joubert
- Komas uit 'n Bamboesstok** – DJ Opperman
- Klaaglied vir Koos** – Lettie Viljoen
- Die Hemel Help Ons** – Koos Prinsloo
- Vatmaar** – A.H.M. Scholtz



JACQUES STANDER

NOG 'N MEERMINSTORIE

PLONS deur Fanie Viljoen. Illustrasies: Arnelle Woker. (Lapa Uitgewers, R76*)

Hein kan sy oë nie glo toe hy die voordeur oopmaak nie: hier staan die supermooie meisie wat hy nog gesien het, met lang hare en sproetjies soos spatels blink reën. En wat wil sy doen? Sy wil hul vuil swembad kom skoonmaak. Dis eintlik sy werk, maar hy is te lui en stap eerder see toe wanneer hy lus kry vir swem.

Die eerste dag gaan dit goed, want toe Mila klaar is, is die swembad skitterblink. Die moeilikheid begin die

volgende dag toe Mila se hele gesin hulle in die swembad kom tuismaak asof dit hul nuwe huis is: daar's 'n meerhond, ouma Mollie met 'n groterige rots wat sy as kussing gebruik, die pa met 'n koffer vol sand en die ma met stringe groen seewier wat sy uit haar hare trek en in die swembad gooi.

Kinders van so ses tot nege sal hierdie oulike fantasieverhaal geniet.

